

Plaisier, A J 1996 — De mens in het geding: Een kritische vergelijking tussen Pascal en Nietzsche

Zoetermeer: Uitgeverij Boekenentrum. 272 Bladsye. Prys onbekend.

Resensent: Ds A J Groenewald

Dr A J Plaisier poog om met hierdie werk die denke van Pascal uit te lig deur hom in gesprek te laat tree met Nietzsche. Hy wil graag die betekenis van Pascal se denke soos hy sê 'naar voren te halen' (Plaisier 1996:1). Die outeur slaag ten volle daarin om die denke van Pascal nie net uit te lig nie, maar ook om dit aktueel te maak in die huidige post-moderne debat, wat handel oor wie en wat die mens is. Deur Pascal in gesprek met Nietzsche te laat tree, beantwoord hy nie net aan sy doelwit (om die denke van Pascal uit te lig) nie, maar ook om Nietzsche uit te wys as 'n post-moderne denker wat iets te sê het oor die posisie van die mens. In dié boek val die klem oorwegend op die ooreenkomste en verskille wat daar bestaan tussen die mensbeskouing van Pascal en Nietzsche. Om dié gesprek nog meer diepte te gee, vergelyk die skrywer Voltaire met Pascal en Nietzsche. Hy doen dit omdat Voltaire van Pascal verskil het en Nietzsche waardering gehad het vir Pascal en Voltaire. Die outeur wys heel tereg daarop dat Voltaire in dieselfde tyd as Pascal geleef het en dat hy nie soos Nietzsche op 'n afstand die denke van Pascal kon evalueer en daarmee in gesprek kon tree nie. Voltaire het 'n ander beskouing van die mens gehuldig. Vir hom was die mens 'n skepsel wat sy eie besluite kon neem en deur die morele orde 'n goeie mens kon wees. Pascal het in reaksie gekom teen die antropologie van sy tyd. Hy het die mens gesien as 'n skepsel van God wat afhanklik is van God en wie se keuse beïnvloed word deur die Hoërhand van God. Die mens is vasgevang in 'n drama wat deur God beheer word.

Nietzsche aan die ander kant, het geoordeel dat hierdie siening van die mens 'n gevangene maak. Hy stem saam dat die mens aangedryf en beheer word, maar noem dit iets anders as Goddelike noodwendigheid, naamlik die mens se strewe na mag. 'n Pluspunt van dié boek is dat die outeur reeds in die eerste hoofstuk 'n breedvoerige uiteensetting van die inhoud van sy boek gee. Dit is 'n nuttige werkwysie omdat dit die leser onmiddellik betrek by die hele problematiek wat die outeur wil blootstel. Die bronneverwysings in die boek is telkens onderaan elke bladsy aangebring wat dit vir die leser maklik maak om verdere naslaanwerk te doen.

Die enigste probleem wat lesers kan verhoed om die boek te bestudeer, is die taalkwessie. Diegene wat nie Frans en Duits magtig is nie, mag 'n probleem ervaar omdat daar, uit die aard van die saak, deurgaans vanuit Frans en Duits aangehaal word. Tog is daar goeie vertalings van Pascal en Nietzsche se werke beskikbaar wat hierdie probleem kan ondervang. Verder doen die outeur moeite om lang Franse aanhalings onderaan die bladsye in verstaanbare Nederlands weer te gee. Die goeie uiteensetting van die boek, die breedvoerige bronneverwysings, die samevatting en die oorsig aan die einde (van al die literatuur waarin die denke van Pascal en Nietzsche sentraal staan), maak dit 'n moet vir enige wetenskaplike wat hom besig hou met die bestudering van Pascal en Nietzsche of die post-moderne antropologie.